

Nr./No. 65-71

1971 - 1973

April

Pretoriana

2A 05/68

1971 /65~



TYDSKRIF VAN DIE GENOOITSKAP OUD-PRETORIA
VERSKYN IN APRIL, AUGUSTUS EN DESEMBER

MAGAZINE OF THE OLD PRETORIA SOCIETY
PUBLISHED IN APRIL, AUGUST AND DECEMBER

Prys : 25c : Price

DIE HUIS VAN DIE DIGTER

Toe Alexander die Grote in 335 v.Ch. Thebe verwoes het omdat dié stad in opstand teen sy gesag gekom het, het hy die huis van die digter Pindaros uit eerbied vir die Griekse kultuur gespaar. In Pretoria is die huis van die digter Jan Celliers verlede jaar gesloop. Dit is natuurlik vergesog om die twee feite in verband met mekaar te bring, maar ek dink dit is 'n parallel waarvan Jan Celliers self sou gehou het. Dit kom my voor asof dit enigsins is soos hy dinge benader het.

Die bewuste huis in Pretoria het gestaan op Kotzestraat 166 in Sunnyside, waar Jan Celliers en sy gesin jarelang gewoon het en waar waarskynlik die meeste van sy gedigte geskrywe is. Hierdie huis uit die vorige eeu het tot verlede jaar nog bewaar gebly omdat dit weens testamentêre beskikking nie verkoop kon word nie. Lank nadat die familie Celliers daar uitgetrek het, het dit as huurhuis 'n kwynende bestaan gevoer. Wat eertyds 'n spoghuis en 'n spogtuin was, het met verloop van tyd jammerlik verval. Verlede jaar is toestemming gegee dat dit verkoop mag word en tans verrys op die erf 'n woonstelgebou.

Die Genootskap Oud-Pretoria het aan die nuwe eienaars, die firma Engel en Ruyter, voorgestel dat iets van die geskiedenis van die perseel behou moet word. Op voorstel van die Genootskap sal die woonstelgebou die naam *Jan Celliers* dra en sal in die voorportaal 'n passende gedenkplaat aangebring word met 'n afbeelding van die digter en 'n bewoording wat meld gedurende welke jare hy daar gewoon het, ook die feit dat hy gedurende die Tweede Vryheidsoorlog vir 'n paar maande daar geskuil het en vandaar na die kommando's ontvlug het. Dit is jammer dat die huis nie bewaar en gerestoureer kon word nie, maar nou dat dit gesloop is, pas dit ons om die historiese feite daaraan verbonde in ere te hou.

Gebore op Wellington op 12 Januarie 1865 ontvang Jan Celliers sy eerste skoolonderrig in Kaapstad waarheen sy vader, Jan F. Celliers, verhuis het om onderredakteur van *Het Volksblad* te word. Op uitnodiging van pres. T. F. Burgers verhuis die familie in 1873-1874 na Pretoria waar Jan Celliers sr. die koerant *De Volkstem* begin het en mettertyd 'n sterk Afrikaans-nasionale rigting ingeslaan het wat seker die invloed op sy seun nie gemis het nie. Die seun se onderrig in Pretoria, eers by meester Dely op Kerkplein en toe by Cornelis van Boeschoten, word deur die anneksasie van Transvaal in 1877 onderbreek maar is in 1879 voortgesit op Stellenbosch en Wellington en sedert 1882 weer in Pretoria op die bekende skool van Wessel Louis. In 1887 is hy na



2

Nederland waar hy hom in Delft as landmeter bekwaam het. In 1890 keer hy terug na Transvaal. Sy werk as landmeter het hom egter nie bevredig nie en na 'n jaar aanvaar hy 'n betrekking in die staatsdiens, eers as amptenaar in die onderwys-departement en toe as bibliotekaris in die Staatsbiblioteek.

In 1894 tree hy in die huwelik met Susanna Jacoba Dürr en hy en sy bruid neem hulle intrek in die bewuste huis in Kotzestraat wat hy kort voor hulle huwelik laat bou het. Hier het hulle nog gewoon toe die Tweede Vryheidsoorlog uitgebreek het en van hier het hy op kommando gegaan. Hier het hy „die laaste aand” belewe, die afskeid van vrou en kinders, wat later die onderwerp van een van sy bekendste gedigte geword het. Hy is na die suidelike front waar hy gevegte in die buurt van Colesberg meegemaak het. Teen die middel van 1900 het hy 'n aantal Britse krygsgevangenes na Pretoria begelei en hy was nog in die hoofstad toe dit in vyandelike hande geväl het. Met die dag van die Britse inname van Pretoria, 5 Junie 1900, kon hy by gebrek aan 'n perd of rywiël nie bytyds wegkom nie en moes gevolglik in sy eie huis „onderduik” ('n woord wat toe waarskynlik noggie bestaan het nie).

Oor sy gedwonge skuilhouding en die avontuurlike ontylusting wat daarop gevolg het, het ons 'n beskrywing van sy eie hand wat in *Die Brandwag* verskyn het, terwyl Johanna Brandt in haar bekende *Die Kappiekommando* ook 'n hoofstuk daarvan wy. Beide hierdie stukke is kennelik op sy oorlogsdagboek gebaseer waarvan gedeeltes later in *Die Huisgenoot* verskyn het. Sy eie weergawe is humoristies maar ook spannend.

„Aldag dieselfde, nou al maande lank, in die voorste kamer op 'n stoel, 'n boek in die hand, die gordyn amper tot onder neergetrek, sodat ek oor die boek net onder die gordyn deur kon kyk op die tuinhekkie. Daar kom weer 'n Kakie in. Amper te laat gesien. Woerts! is ek onder die vloer. My vrou trek die tapyte oor die luikie, en sy is die reine onskuld vir die Kakie, wat wil weet hoeveel mense daar in die huis is, — waar die man is. Op kommando natuurlik”.

Die bewuste kamer waar hy gesit het, was die kamer links van die gang as jy by die deur ingekom het. Die luik in die plankvloer word tans as 'n Jan Celliers-aandenking in die Jan Celliers-skool in Johannesburg bewaar. Toe dit in 1955 verwijder is, is die volgende woorde op die onderkant daarvan ontdek: „Hier het ek weggekruipt. Augustus 1900. Jan F. E. Celliers”.

„Welkom aand en donker: my tyd van die dag om eindelik 'n bietjie buitentoe te gaan”. In die agterplaas „onder my beskermende sipresse” het hy dan gaan oefeninge doen: „Gespring, gehardloop, voor- en agtertoe gebuig, gewigte opgetel, om my stramme lede — van heeldag sit — los te maak”. Van die sypresse, wat hy self geplant het, was daar lankal niiks meer oor nie. Wat wel nog in die agterplaas te vind was, was 'n rietbos in die een hoek, maar daarvan maak hy nie melding nie.

So het Junie- en Juliemaand verby gegaan en ook die grootste gedeelte van Augustus. Sy ontsnapping is blybaar deur die „Kappiekommando” van Pretoria beplan met mev. genl. Joubert as die hoofplannemaker. Op 'n goeie dag staan die geleentheid onverwags „voor die deur” in die vorm van 'n perdewaentjie („as daardie ou wit perd kan praat”) en mev. Joubert se dogter, mev. Malan, met haar twee seuntjies. Inderhaas word hy as vrou vermom. „Ek het 'n rok aan. Oor my skouers 'n mantel met hoë opgeslaande kraag, om my kort hare van agter toe te maak; op my hoof 'n reguit-rand strooihoed, met 'n sware sluier oor my gesig; 'n paar handskoene aan, my voete gewring in 'n paar uitgetrapte dameskoene, met taamlike hoë hakke”.

By die tuinhekkie loop 'n Kakie by hulle verby, 'n end verder hou nog een sy hand op, soos later blyk net om die verkeer te reël. By Leeubrug gaan hulle eers sy swaer verby wat die dames beleef groet omdat hy nie in die geheim ingelaat is nie, en toe weer sy skoonsuster wat nie durf groet nie omdat sy weet wat aangaan. Van Leeubrug gaan hulle Kerkstraat op in die rigting van die Kerkplein tot voor die huis van ds. H. S. Bosman, ook ingelig, waar hy „oorstap” op 'n trolliewaentjie met osse bespan. Sy metgeselle is die twee seuntjies van 12 en 13 jaar oud wat hulle „suster” na die plaas vergesel. „My suster sit altyd met haar gesig agtertoe”, sê een en onnadenkend en onvrouelik swaai hy sy bene oor die bankie om agtertoe te kyk, „Lyk ek 'n bietjie na jou suster”, vra hy. „Nee, glad nie”, kom die eerlike antwoord.

Dis op die middel van die dag. Die wind dreig om sy hoed af te waai. Die stof is hinderlik. By Hovesdrif waar hulle die Apiesrivier weer oor steek op die bekende pad na die noorde, gaan hulle 'n klomp Engelse soldate verby wat daar hulle perde water gee. Soldate en ander verbygangers stel om begryplike redes baie belang in die „jong dame” op die wa. Hulle gaan 'n groot kamp van Engelse soldate verby; dan by Elöff se plantasie verby waar die eerste wagte hulle deurlaat; dan deur Wonderboompoort waar hulle by nog 'n wagpos moes verbygaan, elke keer met die nodige spanning en benoudheid; vandaar agter Magaliesberg weswaarts tot hulle teen sononder die huis van die Malans bereik. Dit was maar die begin; eers maande later, na baie swaarkry en onaangename ervarings, het hy die kommando bereik — en tot die einde van die oorlog in die veld gebly.

Dit is begryplik dat die oorlog 'n diep indruk op sy digterlike gemoed gemaak het, hoewel hy hom toe miskien nog nie so van sy digterskap bewus was nie. Soos die geval met baie ander was, was die periode na die oorlog ook vir hom een van geestelike ontreddering. Hy keer terug na Pretoria, terug na die huis in Kotzestraat, wat later in die oorlog ook deur sy vrou en haar kinders ontruim is toe sy elders in Pretoria by familie gaan woon het. Dit is interessant om te weet dat in dieselfde straat, twee huise van hulle af, oud-president F. W. Reitz en sy familie voor die oorlog gewoon het. Hierdie huis het gedurende die oorlog leeg

gestaan en is erg deur die Britte verniel. Die silwer kon mev. Celliers nog red, maar die meubels en boeke moes dit ontgeld.

Soos bekend het Reitz nie weer terug gekeer na Pretoria en na sy huis nie. Hy het die buiteland opgesoek. So ook Jan Celliers. Deur die toedoen van sy vrou word die gesin in staat gestel om na Europa te gaan waar hy vyf jaar lank stil lewe, hoofsaaklik in Switserland, nie ver van waar pres. Kruger sy laaste dae geslyt het nie. Jan Celliers het hom daar aan letterkundige studie gewy. Daar het die digter in hom ontwaak. Daar het die herinneringsbeelde aan die oorlog en aan sy vaderland vir hom poëtiese vorm aangeneem: „Die Vlakte” en moontlik ook „Dis Al”.

In 1907 keer die familie terug na Suid-Afrika, terug na Kotzestraat 166. Jan Celliers tree weer in die staatsdiens en word mettertyd vertaler in die departement van Binnelandse Sake, vir hom 'n sieldodende werk, tien jaar lank. Onderwyl het hy aan sy letterkundige werke geskryf, of in sy huis of op kantoor, verskuil agter sy woordeboeke. Reeds in 1908 verskyn sy eerste digbundel, *Die vlakte en ander gedigte*, wat sy naam as digter bevestig het; in 1909 volg *Die Revier*, in 1910 *Uniekantate* (wat op versoek geskryf is), in 1911 *Martjie*, wat hom terugvoer na die idilliese Kaapland wat hy in sy jeug geken het; in 1918 *Die Saaier*. 'n Mens stel jou voor dat die meeste van hierdie gedigte in die huis in Kotzestraat gebore is (hoe word 'n gedig gebore?) en dat op daardie stadium na die huis verwys kon word het as die huis van die digter. Soos daardie huis, met sy stoep en sy tuin, sy voorhekkie en sy makrakarpaheining, met sy stal en buitegeboue (die krip was tot onlangs nog daar), so het ongeveer al die huise van Sunnyside daaruit gesien en so ook die meeste woonhuise van Pretoria. Wat nou met die erf gebeur, 'n woonstelgebou in plaas van 'n huis, is skering en inslag in die hele Sunnyside. Hoe weinig het daar nie van die Pretoria uit die eerste paar dekades van die eeu oorgebly nie!

Jan Celliers het ook meegewerk aan *Die Brandwag* en *Die Boervrou*, waarin baie van sy gedigte en sketse verskyn het. Hy het ingepas in daardie bewuste poging tot uitbou van die Afrikaanse kultuur en letterkunde, wat in Pretoria sy spesiale aksent gehad het. Dit was nog die Pretoria van Gustav Preller en Eugéne Marais, van die taalstryders en die Boereleiers, van hulle wat „uit die as van die oorlog opgestaan het”. Jan Celliers skryf sy *Uniekantate* en teen Meintjeskop verrys die Uniegebou met al die belofte van eenheid wat dit ingehou het. Maar nog voor die gebou klaar was, was die politieke skeuring reeds daar, die kraak wat in 1912 begin en oor Rebelle en oorlog breër en dieper loop tot die verkiesing van 1924. Dit was die Pretoria van die De Wildt-toespraak van genl. Hertzog en die Ashoop-toespraak van genl. De Wet. Dit was die Pretoria van Jopie Fourie en Christiaan Beyers en al die emosies wat die dood van beide van hulle teweeggebring het, van die Vroue-optog na die Uniegebou om te pleit vir die vrystelling van die Rebellegevangenes. Deur dit alles was die Tweede Vryheidsoorlog nooit ver op die agtergrond

nie. In baie huise, ook in Pretoria, kon gebrek en armoede direk met die corlog in verband gebring word. In Kerkstraat kon die hanskakie nog met die vinger nagewys word, en is hy ook met die vinger nagewys. Dit was in die tyd toe by 'n deel van die volk die vermoede ontstaan het dat *Die Volkstem* nie meer die stem van die volk was nie.

In hierdie atmosfeer het Jan Celliers geleef en geskryf, en met dit in gedagte moet ons wat hy geskryf het begryp en waardeer; „Ek hou van 'n man wat sy man kan staan”, „Komaan, daar is 'n nasie te lei, daar is 'n stryd te stry” en baie ander dergelike uitlatings kom direk uit hierdie milieу voort. En as dit vir die huidige smaak bietjie te veel na maakwerk klink, dan moet ons nie vergeet dat dit in daardie tyd en in daardie atmosfeer gepas het nie.

Oor die kwaliteit van sy letterkundige produkte en die eienskappe daarvan is reeds baie geskryf. Een van die kenmerke daarvan is die huislikheid wat telkens opval en dit bring ons weer direk by die huis in Kotzestraat. Daar het „Klein ondeug” (sy jongste seun) die lang gang afgehardloop. Daar het Prinsie, die lelik-mooi hondjie (een van sy sketse) geluk in die hart van Phlippie gebring. Daar het op 'n goeie reënjaar „Ons pampoen” (ook een van sy sketse) in die agterplaas opgekom, die wêreld volgerank, die bome uitgeklim — „Ekselsior” — simbool van onverwoesbare groeikrag. „Voorwaarts ou pampoen, ekselsior! Hoër, net waar jy wil; dis vir my 'n lus om eenkeer 'n ding te sien wat ongebredied alles bereik wat hy wil en kan, onder die uitroep „ekselsior.”

In 1919 het die familie die huis ontruim toe Jan Celliers 'n professoraat aan die Universiteit van Stellenbosch aanvaar het en hulle in Kaapstad gaan woon het. In 1922 keer hulle egter terug maar in 1927 word die huis finaal opgegee. Jan Celliers is toe weer na Europa om mediese raad vir sy toenemende doofheid in te win en daarna woon hy in Kaapstad, tot nege maande voor sy dood toe hy by familie in Johannesburg gaan woon het. Hy sterf in 1940. In Sunnyside, nie ver van Kotzestraat 166 nie, woon tans nog sy enigste dogter en enigste nog lewende kind (daar was nog drie seuns), mev. Marie Stegmann, van wie heelwat van bostaande gegewens verkry is.

F. J. DU T. SPIES.

DIE EENDRACHT „HOGER SCHOOL”

Na die tweede Vryheidsoorlog het Lord Milner met alle geweld probeer om die jeug van die Afrikanervolk te verengels. Alle regeringskole het Engels as medium van onderwys gehad en die onderwysers is deur die staat aangestel in hulle verskillende poste. Teen hierdie denasionaliseringspoging van die Engelse regering, het die Boerevolk in opstand gekom en vrye skole gestig wat op Christelike Nasionale grondslag berus

het en waar die jeug van ons volk onderrig ontvang het in die gees en aard van die Afrikaner se tradisies en kultuur.

Die skole is die C.N.O. skole genoem en die grootste van hierdie skole was die Eendrachtskool wat vandag nog op dieselfde terrein in Pretoria staan.

In 1903 het ds. H. S. Bosman sy pastorie beskikbaar gestel vir 'n skoolgebou en op 1 Februarie 1904 is die Eendrachtskool geopen met 120 leerlinge. Die leerlingtal het vinnig toegeneem en die voltooiing van die nuwe gebou is met groot afwagting ingewag. Op 12 April 1904 is die nuwe gebou in gebruik geneem.

Dr. H. N. Hoogenhout het op 29-jarige ouderdom die eerste hoof van die skool geword, waar onderwys gegee is vanaf graad 1 tot en met matriek.

R. D. Collins, generaal C. F. Beyers, H. L. Malherbe, S. J. Meintjes, Izak Haarhoff, W. van Maanen, John Dougall en Thos. Voss. Voorwaar 'n merkwaardige klomp figure.

Die Eendrachtskool was die enigste werklike tweetalige skool gedurende die Kroonkolonie-bestuur. Die keuse het by die leerlinge berus deur medium van watter taal hulle hul basiese onderrig wou ontvang. Die skool het egter gesorg dat die vlam van nasionalisme en patriotisme steeds vertroetel word en brandend gehou word, sodat die jeug van die Afrikaner op godsdienstig-nasionale en taalgebied behoue kon bly.

In 1905 moes die skoolgebou vergroot word om aan die behoeftte te kon voldoen. 'n Duisend rand is vanuit Duitsland deur die toedoen van eerw. Scholwalter bekom, waarmee die nuwe deel aangebou is wat op 17 November 1905 in gebruik geneem is. Die leerlingtal het toe op 450 gestaan.

Die Eendrachtskool het 'n groot Boere-ideaal verwesenlik deur die Engelse onderwysstelsel in 'n Afrikaanse rigting te dwing. As daar ooit 'n proefondervindelike bewys gelewer is van die waarde en juistheid van die C.N.O.-stelsel, dan was dit die prestasie van die Eendrachtskool toe dit vry van die departement van onderwys, sy edele taak met toewyding, geesdrif en vrug volbring het.

Nadat die Smutsonderwyswetgewing in 1907 verskyn het, het die skool sy onafhanklikheid verloor en het dit 'n regeringskool geword. Dit het egter voort bestaan tot in 1910 toe die hoërafdelings van die skool weggegneem is en by Boys' High en Girls' High ingelyf is. Vandaar die groen kleur in die twee genoemde skole se kleredrag wat hulle laat terug dink aan die deel van die Eendrachtskool wat by hulle ingelyf is.

Kinders het die genot en voorreg gehad om in die Eendrachtskool skool te gaan, in 'n Christelike Nasionale gees waar hulle vry en bly kon

ontplooи in die egte Afrikanertradisies van ons Boerevolk. Die ideale wat in hierdie skool nagestreef is, naamlik om aan die Afrikanerjeug in 'n Afrikaanse atmosfeer die hoogs moontlike opleiding te bied en hulle aldus te bekwaam om hulle plek in die samelewung vol te staan, is tot 'n groot mate verwesenlik.

W. H. BOTHA.

CORRESPONDENCE

435 Kirkness Street,
Pretoria.
15.3.71.

The Editor,,
PRETORIANA.

Dear Sir,

My father, Mr. Beanes, has asked me to bring to your notice a few corrections which should be made to the excerpts from a tape-recorded talk on Old Pretoriana, which Mr. Andrews transcribed and which article appeared in the December issue of *Pretoriana*. Those are:

Para. 4 8th line: The hospital did not consist of 4 marques. There were four marques along Church Street and these continued in rows of four up the hill.

Para. 9: Mr. Herold was Master of the Supreme Court and not a judge in that court.

Para. 11: James Brook surveyed a railway line to Lourenco Marques but his plans were not accepted and the railway was only built many years later.

Para. 13: The Burger Camp was at Irene.

Para. 18: When the Union Buildings was being built the archives were constructed on what had been the quarry.

Para. 23: Instead of "Post office people" read "general public". Mr. Harris was not a lawyer but the Proprietor of Polley's Hotel.

Para. 24: Instead of "Wesleyan Methodist Society" read "London Wesleyan Mission". Amos Burnett was Principal of the Wesleyan Native Mission.

Para. 27: and its origin is not known "to me".

Para. 28: Replace "Cornish" for "Welsh" named suburb.

Para. 32: Replace Street for Van der Byl Avenue. Last sentence should read "Vanderbylpark Township".

Para. 33: 1877 should be 1878. 4th line down: the date on the gable refers to the date on which the Pretoria shop was opened.

Yours sincerely,

Mrs. S. M. BLORE.

(The following two letters, one from England and one from Rhodesia, were kindly submitted to us for publication by the editor of the *South African Digest*. These letters were written in reply to an article, *Birth of a city*, which appeared in the *Digest*.)

Bournemouth,
England.
46 West Cliff Road,
6th October, 1970.

Dear Sir,

I would like to thank you for the 'S. African Digest' which I receive weekly. I enjoy the many articles of interest, but one, in a recent edition, 'Birth of a Town', greatly interested me because, although I was not there at the time of its birth, I lived in Pretoria at its — can one say — childhood. I sailed from England in the 'Avondale Castle' and was married by special licence at Cape Town Cathedral on 1st March, 1904. My husband's regiment was at that time stationed in temporary quarters at Middelburg, Transvaal.

We were later posted to Robert's Heights, Pretoria. I can't say that we were welcomed with open arms by the S. African people, owing to the recent scars of war no doubt, but eventually we were accepted and they were invited to our dances and sports. We were issued with 'rations' of meat and bread. Our main groceries were bought at the S.A.G.I. (S. African Garrison Institute). Clothing and any affordable luxuries were bought in town. At that time our only means of transport to town, was by cart harnessed to two mules of unpredictable behaviour. Oh that road in 1904 — the mules stumbling over the potholes, we hanging for dear life on to the rails of the cart. In 1905 I was driven by mule cart to the military hospital at Sunny Side, to await the birth of my baby, due in four days. She arrived that night. I put it down to that road!! My husband was informed that he had a bonny bouncing girl. That baby was practically born bouncing.

Our bungalows, at Robert's Heights each had a little garden. My husband's batman and I worked wonders on that little plot. To me, coming from a cool climate where plant growth is slow, the rapid growth of plants in that lovely sunshine seemed a miracle. Unfortunately, we were besieged by hordes of locusts. These pests devoured nearly all plants the first year. Then a native told me "bang bang noise keep them away Missis", so when we saw the swarms approaching, it was "all hands to the pumps" — refuse cans and lids, pokers and fenders, anything in fact that was handy at the time. It was a funny sight — the whole colony banging away. One lady, not to be outdone, blew a trumpet. Rather hard lines on the wives, however, because their husbands were seldom on the spot when those hordes of locusts came. The noise we made certainly took effect, only a few stray ones settled on the plants. I've often wondered since if those insects were affected more by vibration than the actual din.

I have read many accounts of the fortitude of those wonderful Dutch Settlers and the conditions in which they had to contend and, in retrospect, my mind goes back to my life under Army conditions. One needed to be fairly tough and have a sense of humour, to enjoy life there, as I certainly did. Four years ago I spent two months with my daughter who lives in Cape Town.

I went up country to Pretoria and Johannesburg to see, for the first time, four strapping (and bouncing) great great grandchildren, all S. Africans. You can imagine my amazement when I saw those towns again after 67 years. It was, to me a metamorphosis.

My only regret was that I was not there in the spring to see again the miracle of the flowers.

I enclose a somewhat dilapidated photo of myself, the 'bouncing' baby and a portion of the stoep, covered by plants saved from the ravages of locusts.

With many thanks for the S. African "Readers Digest", and good wishes for the future of your lovely country.

Sincerely, (Sgd.) Mrs. GRACE M. SEDGEWICK.

P.O. Box 8470,
Causeway, Rhodesia.
October 4th, 1970.

Dear Mr. Editor,

I deeply appreciate the receipt of the Digests which I receive regularly.

In the last issue, your article on the 'Birth of a City' brought back memories which I will never forget. The nachtmaal gatherings around the old church, were red letter days to us children in the town. Bees biltong, boere biscuit, melk tert and other goodies were devoured with relish. It was a sad day when I saw the old church pulled down by cables hitched to steam tractors!

The old Post Office, where we got our mail, was a gathering spot, where the clans of my elk, brewed much mischief!

Churchill escaped from the Volkschool. The 'Rest Camp', Prisoners of War enclosure beyond the Aapies River, held many prisoners. And, it was another sad day when we saw the 'Tommies' marching to freedom, after Lord Roberts occupied Pretoria. It was at the Rest Camp, where I and Godfrey my brother, sold many cigarettes made by one Te Groen, who had a little cigarette business at the back of the Raad-Zaal. The cigarettes were known as 'Eureka'.

I have heard President Kruger preach, in the Dopper Church opposite the Presidency. I shook hands with him on three occasions and, was given coffee by Mrs. Kruger.

Now, I am an Old Age Pensioner, living 14 miles out of Salisbury. Thank you for the Digest and the interesting reading.

Yours sincerely, E. MOCKE.

RUGBYSPRINGBOKKE WAT Vernoem is in die STRAATNAME VAN DANVILLE, PRETORIA

(VERVOLG)

DU PLESSIS, Nic J., die Wes-Transvaalse voorspeler was 26 jaar oud toe hy in 1921 aan die springboktoer teen Nieu-Seeland deelgeneem het. In 1924 speel hy nogmaals teen die Britse toerspan hier te lande.

Nic (bygenaamd Kake) is in 1894 op Steynsburg gebore, het aan die Victoriakollege, Stellenbosch gestudeer — is dus deur Oubaas Mark „gesool” — en het onderwys sy beroep gemaak.

’n Broerskind van Nic, naamlik Felix du Plessis, was ook van Steynsburg, K.P. afkomstig was, het Suid-Afrika in 1949 in drie internasionale wedstryde alhier as kaptein aangevoer.

BRONNE:

- CRAVEN, D. H.: (i) *Springbok-annale (Rugby)* 1889-1964.
(ii) *Oubaas Mark*.

ELLIS, Mervyn, gebore in 1892 in Rondebosch, Kaap, het as Transvaalse voorspeler in 1921 (op 29 jarige leeftyd) die springbokkleure teen die All Blacks in hul eie land gedra en weer in 1924 teen die Britse Toerspan in S.A.

“Mervyn Ellis (was) a 200-lb loose forward who could run the 100 yards in 10 seconds and was a fine dribbler . . .”¹

BRONNE:

- (1) PARKER, A. C.: *The Springboks 1891-1970*, London 1970.
(2) CRAVEN, D. H.: *Springbok-annale (Rugby)* 1889-1964.

FERRIS, Hilton H., wat in Ierland gebore is en ook dáár rugby gespeel het, het as Transvaler in die S.A. span gespeel wat die Britte op 12 September 1903 in die derde internasionale wedstryd op Nuweland met 8 teenoor 0 geklop het.

“Actually he is a halfback but with his wonderful break, the selectors are obviously looking for penetrative power in the middle”¹⁽ⁱ⁾.

“. . . South Africa’s 8—0 triumph had given them the rubber for the first time. Little could anyone have foreseen at the time that South Africa would not lose another test series until 53 years later, in New Zealand”.²

BRONNE:

- (1) CRAVEN, D. H.: (i) *Springbok-annale (Rugby)* 1889-1964.
(ii) *Springboks Down the Years*.
(2) PARKER, A. C.: *The Springboks 1891-1970*, London 1970.

IMMELMAN, Jacobus Hendrik (Jack), is in Victoria-Wes gebore, het aan S.A.C.S. onderrig ontvang en later as mynbeampte gewerk.

Hy het op die oorsese Springboktoer in 1912-13 in Brittanje as W.P.-speler die Springbokkleure gedra. Hy was toe 24 jaar oud.

BRONNE:

- CRAVEN, Danie: (i) *Springboks Down the Years*.
(ii) *Springbok-annale (Rugby) 1889-1964*.

JACKSON, Dirk Cloete, is in 1886 in Wynberg, K.P. gebore en het aan die Diocesan College onderrig ontvang. Later het hy as prokureur gepraktiseer. Hy was familie van H. (Patats) Cloete (1896). Hy het vir Villagers en W.P. gespeel en was in 1906 lid van Paul Roos se toerspan deur Brittanje. Onder daardie span se foto verskyn ook sy naam en die volgende: "The First Springboks: 1906 (Paul Roos's Team) achieved one of the greatest performances in S.A. Rugby history by defeating Wales 11—0 at Swansea in 1906" (1st Dec.).¹

L.W.: In die pasverskene boek van A. C. Parker: *The Springboks 1891-1970* lui die onderskrif by dieselfde foto: "The First Springboks. This team, led by Paul Roos, was the first to tour Britain, 1906-1907, and the first to be called 'Springboks'."

BRONNE:

- (1) CRAVEN, Danie: *Springboks Down the Years*.
(2) CRAVEN, D. H.: *Springbok-Annale (Rugby) 1889-1964*.
(3) *S.A. Who's Who*, 1908 bl. 205.

JONES, Percy S. Twentyman-Jones (W.P.) speel vir S.A. teen die eerste Britse toerspan in 1896. Hy neem ook deel aan die laaste (4de) toets op 5 September 1896 te Nuweland — die eerste keer dat S.A. 'n internasionale wedstryd gewen het (5 : 0).

In 1903 toe die Britte die tweede toer na S.A. onderneem het, het Percy self nie aan een van die drie internasionale wedstryde deelgeneem nie, maar saam met B. H. Heatlie en Biddy Anderson was hy een van die eerste S.A. keurders oor wie se naam ons beskik wat die span vir die laaste internasionale wedstryd gekies het — dié op 12 September 1903 te Nuweland.

Percy, later Regter, is op 13 September 1876 te Beaufort-Wes gebore. Sy vader was Alfred George Twentyman Jones. Hy het sy onderrig aan die Diocesan College, Rondebosch, ontvang en later die grade B.A., L.L.B. aan U.K. behaal.

Uit sy eerste huwelik op 14 Maart 1901 met Medge, dogter van Charles Torriano Vos van Seepunt, is daar twee kinders gebore. In April 1935 vind sy tweede huwelik plaas met Gwynnyth Constance (voorheen Wilkinson), dogter van Richard Jeffreys.

Vir 10 jaar lank was hy president van die W.P. se Rugbyvoetbalunie.

BRONNE:

- (1) *S.A. Who's Who*: (i) 1934, p.102.
(ii) 1934, p.210.
- (2) CRAVEN, D. H. (i) *Springbok-annale (Rugby)* 1889-1964.
(ii) *Springboks Down the Years*.

KENYON, Basil John, is op 19 Mei 1918 op Umtata gebore, en het in die Transkei opgegroeи. "He was taught the game in school at Umtata and played for the Transkei with enthusiasm. Joined the S.A. forces during the war in North Africa and Italy with distinction, and it was while leading Springbok army teams in Cairo and Rome that he caught the eye of Boy Louw. On return to S.A. he entered the wool business and moved to East London to join Border.

"In 1949 (All Blacks in S.A.) he was honoured with the captaincy of the Springboks in the last Test at Port Elizabeth (played on Crusaders on 17th September, 1949 where S.A. beat All Blacks 11 : 8).

He captained the Springbok team to the British Isles in 1951/52 . . . suffering badly from his eye trouble, which was a war injury aggravated by an accident in the match at Pontypool."¹

(In die derde wedstryd van dié toer het iemand nl. per ongeluk 'n vinger in Kenyon se regteroog gesteek. Nadat hy die ongemak 'n maand lank verduur het, spreek hy eers 'n dokter wat hom vertel dat die oog so ernstig beseer was dat hy dadelik na 'n Londense-hospitaal moes gaan.) "Two operations have partially restored the sight of the eye, but he has been advised, and has decided, to give up active rugby. He has said that he will continue to coach, and one of the last hopes expressed before the team left England was that he would be with the next team of Springboks that come to Britain, either in a coaching or a managerial capacity. South Africa has been fortunate in always having men of fine character to lead its sporting teams. And Basil Kenyon was as splendid a captain as the country has ever had. Unassuming and friendly, but never hesitant to speak up if he did not like something — he had this one of many tributes paid to him by players: 'You always know where you are with him . . .' Leadership came easily to him, as he had captained Border for many years and the Springboks in the Port Elizabeth Test in 1949 . . . He played his first rugby at Umtata . . . as a forward for the school Saturday mornings, as a full-back for the town in the afternoons"²)

Basil Kenyon is tans nog in 'n besturende hoedanigheid aan die Wool Growers Association, Oos-Londen, verbonde.

BRONNE:

- (1) THOMAS, J. B. G.: *Great Contemporary Players*.
- (2) STENT, R. K.: *The Fourth Springboks 1951-1952*.
Ook Die Huisgenoot: (i) 17 Aug. 1951: "Rugby is vir hom 'n Lewenstaak"
— L. J. Vorster.
(ii) 29 Aug. 1952: *Springbokke Tuis* (Basil Kenyon).